Skitter Akademie kleuterskool is gebaseer op die 14 ontwikkelings vlakke van 'n kind.

1. Verstandelike ontwikkeling
2. Nuuskierigheid
3. Spel
4. Bewustheid van self
5. Sintuiglike waarneming
6. Emosionele ontwikkeling
7. Liggaamlike ontwikkeling
8. Onafhanklikheid
9. Handvaardigheid en Oog-hand koördinasie
10. Sosiale ontwikkeling
11. Luister vaardighede
12. Taalbegrip
13. Spraak ontwikkeling
14. Kommunikasie




Die 14 ontwikkelings vlakke is 'n breë omskrywing van Skitter Akademie se kurrikulum.

Ons Graad R groep word onder leiding van 'n onderwyseres met 'n B.Ed- graad gelei om die 6 groepe skoolgereedheid vaardighede te bemeester.

In die klassituasie werk ons hard en speel ons nog harder, elke klassie werk op sy eie pas en ontwikkelings fase.

Ons onderrig met die CAPS kurrikulum en ons werk met 'n tema wat oor 'n periode van een of twee weke strek.

Saam met hierdie tema is daar 'n Bybel verhaal, letter, syfer, vorm en kleur wat behandel word.

Ons fokus veral op ons vyf sintuie om ons te help in die leer proses.

Messy play vorm 'n belangrike deel om emosionele ontwikkeling te bevorder en probleme aan te spreek (bv. tassensitiewiteit). Sensoriese en ouditiewe leer bespoedig die ontwikkeling.

Deur speel en terloopse leer word vaardighede aangeleer en kennis verbreed. Groot motoriese vaardighede word ook elke dag geoefen.